# DIE SKIETLOOD

156ste Uitgawe 15 Maart 2019
saam met Koersvas 156

**Nederlandse Geloofsbelydenis**
**Artikel 35**

Soos reeds gestel; sakramente is sigbare tekens van God se onsigbare genade. Ons glo dat die werklikheid van Jesus se teenwoordigheid net so waar is as die tasbare brood en wyn. Jesus se teenwoordigheid impliseer dan vergifnis, wedergeboorte en versorging. Met die bespreking van die Doop (artikel 34) is aangedui dat die Doop die dopeling uitsonder, deel maak van die uitverkore volk van God. Die Doop is die eenmalige gebeurtenis wat ons inlyf in God se genade. Die Doop is daardie teken wat ons ontvang om aan te dui dat ons nie meer van hierdie wêreld is nie, nie soos ander mense en volke is nie, ons is burgers van God se ewige koninkryk. Die Doop is 'n belangrike teken en gebeurtenis omdat dit God se verbond bevestig. Waar die besnydenis in die aanloop tot Jesus se koms die teken van die verbond was, is die Doop nou die teken in die volle bedeling wat ons te beurt val deur God se genade. Hierdie Doop word ook aan kinders bedien, want God se genade is vir almal, en geen verdienste is ter sprake nie.

Vir die onderhoud van die uitverkorenes is die Nagmaal nou relevant. In Ou Testament terminologie; na die tog deur die Rooisee (Doop) voed God nou die volk in die woestyn met water uit die rots, manna en kwartels(Nagmaal).

Die bespreking oor die Nagmaal val uiteen in vier sake wat ondersoek word: Die eerste saak handel oor die rede vir die instelling van die Nagmaal. Die tweede bespreking fokus op die aard en karakter van die Nagmaal. Die derde tema het te make met die regte deelname aan die Nagmaal en die vierde saak klaar verkeerde perspektiewe uit. Die teks word uitvoerig aangehaal in die tweede formulier van die Nagmaal wat in ons kerk gebruik word.

Die teks:

**DIE HEILIGE NAGMAAL**

**Ons glo en bely dat ons Verlosser, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nou het dié wat weergebore is, tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God. So het God tot instandhouding van die liggaamlike en aardse lewe vir ons aardse en gewone brood voorsien; dit dien die lewe en behoort, soos die lewe self, aan almal. Maar om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus. Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word. Om hierdie geestelike en**

**hemelse brood vir ons af te beeld het Christus aardse en sigbare brood as 'n teken van sy liggaam en wyn as 'n teken van sy bloed ingestel.**
**Hy gee ons daarmee dit te kenne: so waarlik as wat ons die sakrament ontvang en in ons hande hou en dit met ons mond eet en drink en dit daarna ons lewe in stand hou, net so waarlik ontvang ons vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof - dit is die hand en mond van ons siel - die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser.**
**Dit staan dus bo alle twyfel vas dat Jesus Christus nie tevergeefs sy sakramente vir ons voorgeskryf het nie; Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons deur hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe en is dit vir ons onbegryplik hoe dit gebeur, net soos die werking van die Heilige Gees ondeurgrondelik en onbegryplik is. Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie maar met die Gees deur die geloof. Daarom, al bly Christus altyd aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit, hou Hy tog nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie.**
**Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet. Hy voed, versterk en vertroos ons arme troostelose siel as ons sy liggaam eet, en Hy verkwik en herstel dit as ons sy bloed drink.**

**Verder, hoewel die sakramente én die sake waarvan hulle tekens is, bymekaar hoort, word nie beide deur alle mense ontvang nie. Die goddelose mens ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die sakrament nie. So het Judas en Simon die towenaar albei wel die sakrament ontvang maar nie Christus, wat daardeur voorgestel word nie; Hy word slegs aan die gelowiges gegee.**
**Ten slotte, ons ontvang die heilige sakrament in nederigheid en met eerbied in die samekoms van die volk van God, waar ons met danksegging 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus ons Verlosser onderhou en belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens doen. Daarom behoort niemand daarheen te gaan as hy homself nie eers deeglik ondersoek het nie, sodat hy nie tot sy eie oordeel eet en drink as hy van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink nie (1 Kor. 11:29). Kortom, deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons tot 'n vurige liefde vir God en ons naaste beweeg. Daarom verwerp ons alle brousels en verwerplike versinsels wat mense by die sakrament bygevoeg en daarmee vermeng het, as ontheiligings daarvan. Ons verklaar dat ons tevrede moet wees met die verordening wat Christus en sy apostels ons geleer het, en ons sê dieselfde as wat hulle daarvan gesê het.**

Die bespreking wat volg, haal eers die teks in **vetdruk** aan en bespreek dit dan in gewone skrif, terwyl aanhalings in *kursief* gedruk sal wees.

**DIE HEILIGE NAGMAAL**

**Ons glo en bely dat ons Verlosser, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het.**

Die outeur van die Nagmaal is die Here Jesus Christus self. Jesus self het verorden dat die Nagmaal gevier moet word. Die Nagmaal is ingestel om 'n spesifieke groep mense te voed en versorg, te wete almal wat deel van Sy huisgesin is. Lidmate van die kerk en huisgesin van God word as uitruilbare terme gebruik in hierdie sin. Van die huisgesin van God word gesê dat hulle reeds wederbaar - wedergebore - is, dit het gebeur by die Doop. Die Nagmaal is met ander woorde nie vir mense wat buite die kerk is of ongelowig is nie, dit is 'n voortgaande vreugdevolle gesinsmaaltyd, - God se gesin wat bly saam eet nadat Jesus die maaltyd ingestel het.

Hoe het Jesus die Nagmaal ingestel? Ons lees in Matteus 26:26-28: "*En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: “Neem, eet; dit is my liggaam.” Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes*". Ons lees in Lukas 22:19-20: "*Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word".* In beide weergawes moet ons let op die sakramentele taal wat gebruik word. Jesus verwys nie na die brood en wyn as iets wat verwys na (simboliseer) of iets wat verander of verwyder word nie. Die elemente herinner ons nie aan Jesus sodat ons daaroor kan mediteer nie, dit word ook nie weens een of ander handeling van die priester Sy liggaam nie. Die brood is Sy liggaam en die wyn is Sy bloed in die sin dat die teken dit is waarna verwys word. In die bediening van die Nagmaal is dit deur die werking van die Heilige Gees dat die brood Sy liggaam **is** en die wyn Sy bloed **is**. Deur die woord wat gespreek word, bewerkstellig dit 'n sekere verstaan by ons; wanneer ons die brood (teken) ontvang en eet, ontvang ons dit wat aangedui word (Sy ware liggaam en ware bloed. Hy voed ons in wese deur ons harte heen, selfs al kan ons dit nie ten volle begryp of beskryf nie.

Dit is duidelik dat die instelling van die Nagmaal terug gaan na Christus self. Paulus bevestig dit in sy gedeelte in I Korintiërs 11:23-26. Vervolgens word die fokus verskuif na die aard en karakter van die Nagmaal.

**Nou het dié wat weergebore is, tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind.**

Daar word nou 'n duidelike onderskeid getref wat tegelyk ook nie duidelik sigbaar

is nie. Daar is twee soorte lewe in 'n sekere groep mense. Daar is die gewone lewe, iets wat almal ervaar en wat duidelik waargeneem kan word. Dan is daar 'n tweede lewe, 'n lewe wat parallel met hierdie aardse lewe loop. Die tweede, geestelike lewe is tegelyk ook 'n hemelse lewe, wat beteken dat dit verder loop as die aardse dood. Die oorsprong van hierdie ewige lewe is in die wedergeboorte terug te vind, 'n gawe wat God aan die gelowiges gee.

**Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God.**
Hierdie tweede (verborge) lewe is vir almal moontlik, maar nie vir almal werklikheid nie. Ten spyte van die humanisme se pogings om almal in alle opsigte gelyk aan mekaar voor te stel, is die werklikheid dat daar 'n groep mense is wat deur God uitverkies is (in die bespreking van artikel 16 is daar aandag geskenk aan hierdie tema). Hierdie uitverkore groep het 'n tweede lewe, 'n hemelse lewe. Dit gee geen rede of aanleiding tot arrogansie nie, dit is 'n gawe van God en kan net dankbaar erken word.

**So het God tot instandhouding van die liggaamlike en aardse lewe vir ons aardse en gewone brood voorsien; dit dien die lewe en behoort, soos die lewe self, aan almal. Maar om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus.**
Hierdie bespreking wil dit duidelik maak dat die Nagmaal 'n gereelde deel van die gelowige se lewe moet wees. Dit is nie om dowe neute dat die NGB die aardse kos en die hemelse kos naas mekaar stel nie. Net soos die liggaam gereeld kos nodig het, net so het die siel geestelike voeding nodig. Hierdie voeding geskied deur woord en sakrament. Dit beteken dat die Nagmaal 'n geestelike voeding impliseer wat nagejaag moet word en nie alleenlik na uitsonderlike geleenthede uitgeskuif mag word nie.
Almal het inderdaad ewe veel reg op hierdie aardse lewe en dit word in gelyke maat aan almal geskenk. Dit is vir die geestelike lewe wat daar ekstra gegee word aan die gelowiges.

**Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word. Om hierdie geestelike en hemelse brood vir ons af te beeld het Christus aardse en sigbare brood as 'n teken van sy liggaam en wyn as 'n teken van sy bloed ingestel.**
Dit is bokant ons begrip om te verklaar hoe dit gebeur. Nagmaal deelname begin by dankbare gehoorsaamheid aan die Here. Hy het die Nagmaal ingestel en dit as gereelde maaltyd bestem. Hy het selfs die aard van die tekens duidelik aangedui. Brood en wyn is tekens van Christus se liggaam en bloed.

**Hy gee ons daarmee dit te kenne: so waarlik as wat ons die sakrament ontvang en in ons hande hou en dit met ons mond eet en drink en dit daarna ons lewe in stand hou, net so waarlik ontvang ons vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof - dit is die hand en mond van ons siel - die**

**ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser.**
By die Nagmaal geskied 'n dubbele voeding. Die eerste is duidelik sigbaar en selfs kontroleerbaar. Ons neem die kos in die hand en plaas dit in die mond. Al is die porsies (weens verskeie redes) klein, bestaan daar by niemand enige twyfel dat daardie brood en wyn die mens wat dit nuttig, wel voed nie.
Die tweede proses is 'n interne, geestelike proses. Met die hand en mond van ons siel kry ons deel aan die geestelike voeding wat opgesluit lê in die woorde: "Dit is My liggaam, dit is My bloed". Die tweede proses is net so werklik soos die sigbare proses.

**Dit staan dus bo alle twyfel vas dat Jesus Christus nie tevergeefs sy sakramente vir ons voorgeskryf het nie; Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons deur hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe en is dit vir ons onbegryplik hoe dit gebeur, net soos die werking van die Heilige Gees ondeurgrondelik en onbegryplik is.**
Wat ontvang ons by die Nagmaal? Jesus Christus en al die reddende voordele wat Hy skenk. Hieroor hoef daar geen twyfel te wees nie. Die feit dat ons dit nie fisies kan kontroleer nie, maak dit nie minder werklik nie. Daar is baie dinge wat bokant ons vuurmaakplek is, dinge wat ons in vertroue en geloof mag aanvaar en God voor dank. Die Heilige Gees is self besig tydens die Nagmaal deur tot ons eie te maak dìt wat ons hoor in die tekens opgesluit is.

Volgende uitgawe meer oor die Nagmaal.